

Gids tot die beredderingsproses:

Die reg aangaande die bereddering van boedels in Suid-Afrika is oor baie jare ontwikkel en verseker beskerming vir beide krediteure en die begunstigdes. Ten einde hierdie beskerming te voorsien, moet talle prosedures gevolg word wat noodwendig tydrawend is. Hierdie prosedures word hieronder kortliks uiteengesit:

Aanmelding van die boedel en aanstelling van die eksekuteur:

Ten einde die boedel aan te meld by die Meester van die Hooggeregshof wat jurisdiksie het oor die distrik waarin die oorledene gewoon het, asook ter verkryging van die Eksekuteursbrief (aanstelling van die eksekuteur) moet die volgende dokumentasie aan die Meester voorsien word:

1. 'n Gesertifiseerde afskrif van die Sterftesertifikaat;
2. Sterfkennis;
3. Inventaris van die bates teen 'n beraamde waarde;
4. Nominasies tesame met die Besonderhede van Naasbestaandes Verklaring.
5. Aanvaarding van eksekuteurskap.

Pligte van die eksekuteur/beredderaar:

Die pligte van die eksekuteur is kortliks die volgende:

- Die plasing van 'n kennisgewing, in beide die Staatskoerant sowel as 'n koerant wat sirkuleer in die distrik waarin die oorledene woonagtig was, waarin 'n beroep gedoen word op krediteure om binne 30 dae hul eise teen die boedel in te dien.
- Die opening van 'n bankrekening in die naam van die boedel.
- Waardasies te verkry van die bates in die boedel.
- Alle skulde van die oorledene te betaal.
- Die inkomstebelasting aangeleenthede van die oorledene af te handel.
- Boedelbelasting en Meestersgelde betaalbaar bereken en vir die vereffening daarvan voorsien.
- 'n Likwidasië- en Distribusierekening, wat alle bates en laste, sowel as die verdeling van bates aan die begunstigdes aantoon, in te dien by die Meester.
- Die plasing van 'n verdere kennisgewing (nadat die Likwidasië- en Distribusierekening deur die Meester goedgekeur is) in beide die Staatskoerant sowel as dieselfde koerant waarna hierbo verwys is, tot die effek dat die rekening vir 'n periode van 21 dae ter publieke insae sal lê by die kantoor van die Meester, asook die Landdros van die distrik waarin die oorledene woonagtig was.
- Die verdeling, oordrag en uitbetaling van erfenisse aan begunstigdes wanneer die gemelde 21 dae verstryk het en daar geen besware teen die rekening gemaak is nie.

Wat moet 'n Begunstigde doen?

'n Begunstigde moet die eksekuteur/beredderaar voorsien van sodanige inligting en dokumente wat hy mag verlang. Indien 'n begunstigde finansiëel afhanklik van die oorledene was, moet die begunstigde die eksekuteur nader om vas te stel of tussentydse finansiële bystand moontlik is.

Dis is ook baie belangrik om aandag te gee aan hoe daar met u erfenis gehandel moet word ten einde maksimale benutting daarvan te verseker.

Dit is nie altyd moontlik om 'n noukeurige beraming te voorsien van hoe lank die bereddering van elke boedel sal neem nie, aangesien dit afhang van die aard en omvang van die bates en enige komplikasies in verband daarmee. Ons kan u egter verseker dat ons ons beste sal doen om die boedel so spoedig en effektief moontlik af te handel.

Indien u, te enige tyd, verdere navrae het - moenie huiwer om ons te kontak nie.